


WHAT IS ISLAM?
AFRIKAANS TRANSLATION

# WAT IS ISLAM?


TRANSLATED BY:
Isa Bin Marius | Gnilaedasi@gmail.com
Qiyaam Kanes | +27 63 567 2620


ABU ZAYD INSTITUTE


THEABUZAYDINSTITUTE@GMAIL.COM | +27 61 625 6070

# INHOUD (CONTENTS)


| No. | Subject | Page No. |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 3-4 |
| 2 | WAT IS ISLAAM? | 5-6 |
| 3 | VYF PILARE VAN ISLAAM | 7-16 |
| 4 | HOEKOM WAS ONS GESKAPPE? DIE GESKIEDENIS VAN ONS BESTAAN. | 17-18 |
| 5 | GROOT SONDES IN ISLAAM | 19-20 |
| 6 | JOU GELOOF IN ISLAAM | 21 |
| 7 | TEëBEWYSE VAN ANDER GELOWE | 22-29 |
| 8 | BEWYS VAN DIE KORAN | 30-35 |
| 9 | GEVOLGTREKKING | 36-37 |

# 1. <u>INLEIDING</u>

ALLE LOFPRYSING AAN ALLAH (GOD), EN SALUUT AAN ONS PROFEET MUHAMMAD (VREDE OOR HOM)

Die doel van hierdie boekie is hoofsaaklik om belangstellendes in te lig oor Islaam, en vir hulle wat 'n opsomming hiervan benodig. Ook vir hulle wat Islaam aangeneem het en nog vrae het oor wat dit alles behels.

A. <u>Vir hulle wat belangstel om meer te leer oor Islaam:</u>

Mag Allah (God) jou lei op die reguit pad. Wees verseker, hierdie isook 'n guns van Allah (God)...

'n Slavin het vroeg een oggend alleengebid. Terwyl sy bid, hoor haar meester dat sy bid "... ter willevan die liefde wat U het vir my, o Allah (God)...". Onmiddellik stel hy haar reg en stel voor dat sy eerder sê: "ter wille van my liefde vir U, o Allah (God)" en nie "U liefde vir my" nie.

Wat haar meester bedoel het, was dat sy as 'n sondaar nie met sekerheid kon eis dat Allah (God) haar liefhet nie. Hierop antwoord sy toe: "Was dit nie vir Allah (God) se Liefde vir my nie,sou hy my nie in staat stel om tot Hom te bid nie."

Weet verseker dat niks bestaan, niks gebeur, niks draai uit sonderdat Allah (God) dit so bepaal het nie. So jy as leser, of jy werklik meervan Islaam wou leer, of die inligting navors vir akademiese doeleindes, of jy probeer fout soek in die geloof van Islaam,of enige ander rede, lees hierdie boek omdat Allah (God) self dit bestem het. Vir jou om hierdie te lees, iets waartoe nie almal toegang het nie, Dit is net deur die

toestemming van Allah (God). Dít is diewaarheid. Jy mag nou hierdie oorweeg, en leiding neem daarvolgens.

Mag Allah (God) jou en die skrywer seën. Aamien.

## B. VIR HULLE WAT ISLAAM AANGENEEM HET

Welkom in die geloof van Vrede, my broer/suster. Mag ons op die reguit pad bly, die weg van hulle met leiding en nie van hulle wat verlore is nie. Profeet Muhammad (Vrede oor hom) het gesê dat die een wat Islaam aanneem van alle vorige sondes gereinig is, en sy/haar kondisie is soos die van 'n pasgebore baba (geen sonde op sy rekord nie).

Ongeag jou verlede, dit is als uitgewis met jou intrede in Islaam. Hoe genadig is jou Heer nie?

**Die boek verduidelik vlugtig sleutelaspekte van Islaam. Baie medewerkers en mense wat ons gereeld sien het gevra wat Islaam werklik beteken? Aangesien die media deur propaganda die ware betekenis daarvan verdraai het en die massas so valsheid laat glo het. Daarom hoop ons, as Allah (God) so Wil, dat hierdie boek jou 'n basiese begrip sal gee waaroor Islaam werklik gaan.**

# 2. WAT IS ISLAAM?

Die woord Islaam beteken letterlik "Vrede" en "Onderworpenheid"

## 2.1. Vrede:

Islaam, as geloof moedig vrede tussen Allah (God) se skepping aan - of dit mense, diere, natuur of enigiets anders is. Die groet tussen twee Muslims - Assalaamu aleikum - wat die meerderheid mense al een of ander tyd gehoor het, vertaal as "Vrede oor jou". Islaam ontmoedig ongeregiverdigde oorlog en die doodmaak van onskuldige mense. Die media het mense manipuleer om te glo dat Islaam 'n geloof van terrorisme is. "Selfmoordbommers" en "Terroriste" is die titels wat deur diemedia aan Islaam geheg was. Nietemin, enige mens met helder denke sal kan erken dat:

**'n Mens kan nooit seker wees of die media die waarheid weergee nie.** Die media is amper altyd oneerlik en probeer om 'n eensydige siening weer te gee. Ons sien dit duidelik met politiek ook. Net omdat die nuus sê die moordenaar is 'n Muslim (een wat in Islaam glo) beteken nie dat dit waar is nie. Dit is uiters dwaas vir ons om alles te glo wat ons hoor of lees in die media.

Boonop, selfs al is enige sogenaamde terroris wel 'n Muslim, **kan 'n mens nie aflei dat omdat hy in sonde betrokke is, die Geloof self dit aanmoedig nie.** Dit sou wees soos om te sê Hinduisme glo in verkragting omdat een hindu man iemand verkrag het, of dat dit egbreuk aanmoedig omdat baie hindu mans egbreuk pleeg. Dit sou baie dwaas wees.

### 2.2. Onderworpenheid:

Tweedens, beteken Islaam: dat 'n mens homself aan Allah (God) onderwerp. As 'n mens aan Allah (God) onderwerp beteken dit dathy/sy Allah (God) alleen aanbid, en dat die mens verstaan dat die enigste rede vir sy bestaan is vir totale toewyding aan Allah (God).Vir 'n mens om hom aan Allah (God) te onderwerp beteken dat hy opgee wat Allah (God) verbied het, en vervul die opdrag wat Allah (God) aan hom gegee het.

# 3. VYF PILARE VAN ISLAAM

Die Profeet Muhammad (Vrede oor hom) het gesê dat Islaam op vyf pilare rus. Ons sal elkeen hieronder uiteenset.

## 3.1. EERSTE PILAAR: Geloof (Iemaan)

Iemaan is geloof. Dit beteken om met sekerheid te glo in die sentrale oortuigings van Islaam. Hulle is:

### 3.1.1. Om in Een Allah (God) te glo

As Muslims glo ons:

- Allah (God) is EEN.
- Allah (God) is ewig.
- Allah (God) was nie geskape nie en Allah (God) het geen kindersnie.
- Allah (God) is uniek. Daar is geeneen wat soos Allah (God) is nie.
- Allah (God) is nie 'n mens nie.
- Allah (God) is Almagtig.
- Geen mens kan enigiets doen sonder dat Allah (God) inbeheer is nie.

Anders as hindus glo Muslims dat daar slegs EEN God is (Allah (God)), en nie verskeie gode nie.

Anders as Christene glo Muslims dat Jesus (Vrede oor hom) NIE Allah (God) is nie, maar eerder 'n Profeet van Allah (God), net soos Abraham, Noag, Moses, ens. (Vrede oor hulle)

### 3.1.2. Geloof in die Engele

Net soos Christene, Jode en sommige ander gelowe, glo Muslims ook in Engele. Muslims glo dat Engele sondeloos en perfek is, anders as mense. Hulle aanbid Allah (God) ten alle tye, en sommige van hulle het ook ander rolle en verpligtinge.

Daar is Engele wat verantwoordelik is vir die weer, díe wat aangestel is om die siel uit te trek by die dood, en Jibraa'iel (bekend in in Afrikaans as Gabriël) wat welbekend is onder Christene en Jode, die Engel verantwoordelik vir die lewering van openbaring aan die uitverkose rofete van Allah (God). Let wel dat ten spyte daarvan dat hierdie pligte aan hulle toevertrou is, hulle nogtans geeneen daarvan kan vervul sonder die opdrag en Mag van Allah (God) nie.

### 3.1.3. Geloof in die geopenbaarde Boeke

In Islaam glo Muslims in die OORSPRONKLIKE skrifte wat geopenbaar was aan die Profete:

- Die Torah geopenbaar aan Moosa (Moses)
- Die Psalms aan Daawood (Dawid)
- Die Evangelie aan Isa (Jesus)
- Die Koran aan Muhammad (Vrede oor hulle almal)

As Muslims glo ons in elkeen van die OORSPRONKLIKE Boeke. Nietemin, ons glo dat elkeen van hierdie boeke opgevolg moes word deur die volgende een. Nou, in die tyd ná Muhammad (Vrede oor hom) word slegs die Quráan gevolg en niks anders nie.

Let Wel:

- ❖ Jode glo in Moses (Vrede oor hom) en die boek geopenbaar aan hom (die Torah), en hulle glo nie dat Dawid (Vrede oor hom) enige boek ontvang het nie, maar eerder dat hy ’n godsvresende man was. Hulle verwerp Jesus (Vrede oor hom) en Muhammad (Vrede oor hom) as Profete en noem hulle leuenaars. Hulle glo dat hierdie twee Profete op hul eie boeke geskryf het en dat dit nie deur Allah (God) geopenbaar was nie.

- ❖ Christene glo in Jesus (Vrede oor hom) en in die Bybel. Hulle glo ook in Moses (Vrede oor hom) en in die vorige Profete, maar hulle glo dat die Bybel die huidige boek van leiding is, wat ook die vorige boeke insluit. Hulle verwerp Muhammad (Vrede oor hom) en sê dat Hy op Sy eie die Koran geskryf het. Wat hulle daarmee bedoel is dat hy 'n leuenaar was, en gesê het dat Allah (God) die Koran geopenbaar het aan Hom deur die Engel Gabriel, maar dat hy dit self geskryf het.

- ❖ Muslims glo in die Boek wat openbaar was aan die Profeet Muhammad (Vrede oor hom) as die Boek (Koran) van leiding. Hulle glo ook in beide Jesus (Vrede oor hom) en Moses (Vrede oor hom), sowel

as die vorige Profete, maar glo dat die mens in elke era 'n Profeet gegee was om te volg, en die mense van hierdie era, tot en met die Dag van Oordeel, slegs die Koran as Heilige Skrif moet volg vir hul redding. Byvoorbeeld, as 'n man geleef het in die tyd van Jesus(Vrede oor hom) tot voor Muhammad (Vrede oor hom), sou hy die Evangelie moes volg omop die Reguit Pad te bly. Die wat geweier het was mislei, terwyl die huidige era díe van Muhammad (Vrede oor hom) is, sodat ons noodwendig die Koran moet volg om sukses te behaal.

### 3.1.4. Geloof in die Profete

Muslims, Christene en Jode glo almal dat Allah (God) verskeie groepe Profete gekies het om hul toe te vertrou met die plig en verantwoordelikheid om mense te roep na die reguit pad. Hierdie Profete was beveel om mense te waarsku teen sonde en aan te moedig tot goeie gedrag en dade. SommigeProfete wat aan mense welbekend is, is: Ibraahiem (Abraham); Noeh (Noag); Ismaa'iel (Ismael) ens. (Vrede oor hulle almal)

Soos hierbo genoem, Jode glo in Moses (Vrede oor hom) maar verwerp Jesus (Vrede oor hom), en Christene glo in Moses (Vrede oor hom) en Jesus (Vrede oor hom) maar verwerp Muhammad (Vrede oor hom). Op die keersy glo Muslims dat beide Moses (Vrede oor hom) en Jesus (Vrede oor hom) Profete was, maar dat Muhammad (Vrede oor hom) die laaste en finale Profeet is!

'n Kritiese verskil tussen Christendom en ander gelowe is dat Christene glo Jesus (Vrede oor hom) is God (of deel daarvan), en nie uitsluitlik mens nie. Muslims glo dat Jesus (Vrede oor hom) nie 'n god is nie, maar net 'n Profeet.

Hoe kan Allah (God) 'n mens wees? Sou dit nie uiterste minagting wees teenoor die Grootheid van Allah (God) om Allah (God) te vermindertot die eienskappe van 'n mens nie? Moet Allah (God) slaap, eet of'n toilet gebruik soos Jesus (Vrede oor hom) moes? Sou dit nie die hele definisie afbreek van wat dit beteken om Allah (God) tewees nie?

**Let wel:**

Profete was gekies en gestuur deur Allah (God) vir die leiding van die mensdom. Hulle was gewone mense en het onder mensegeleef. Allah (God) het hulle gekies as Profete nadat Hy die sentraleeienskappe van Profeetskap in hul geplaas het. Hy het hulle aangestel deur openbaring te stuur met die EngelJibraa'iel (Gabriël) (Vrede oor hom).

**WIE IS MUHAMMAD? (Vrede oor hom)**

Muhammad (Vrede oor hom) was gebore in die sesde eeu. Voor Profeetskap was hy bekend onder sy mense as die eerlikste en regverdigste. Op die ouderdom van 40 het hyopenbaring van die eerste vers van die Koran ontvang deur die Engel Jibraa'iel (Gabriël) (Vrede oor hom) en was die verantwoordelikheid van Profeetskap onder die mensdom opgelê. In die begin was hy bespot. Teen die einde van sy lewe het die hele Arabiese subkontinent Islaam aangeneem. Dit was uitgerig oor die loop van 23 jaar.

LET WEL: VOOR HY AANGESTEL WAS AS PROFEET, HET MUHAMMAD (VREDE OOR HOM) NOOIT 'n AFGOD AANBID OF ENIGEEN BUITEN ALLAH (GOD) NIE.

### 3.1.5. Geloof in die Opstanding, die Dag van Oordeel en die hiernamaals

Elke Muslim glo hierdie wêreld is tydelik en dat elke siel die dood sal smaak. Daarna sal ons almal opgewek word en voor Allah (God) vergader word op wat na verwys word as die "Oordeelsdag”.

’n Muslim se goeie en bose dade sal teen mekaar opgeweeg word. Die wie se goeie dade swaarder is sal Paradys binnegaan, terwyl die wie se bose dade swaarder is die Hel sal binnegaan. Daarbenewens sal hulle wat boos geleef het

maar in Islaam geglo het, in die Hel gestraf word as hulle nie bely het voor hul afgesterwe het nie. Hulle sal nogtans later die Paradys binnegaan weens hul Geloof.

Hierdie is 'n fondamentele verskil met Christendom, aangesien Christene glo dat Jesus (Vrede oor hom) op 'n kruis gesterf het vir die mensdom se sondes en dat dit hulle vrygestel het van Oordeel en dat hulle direk die Paradys sal binnegaan.

Stel jou voor jy het 10 kinders, en 9 van hulle is boos terwyl die laaste een 'n gehoorsame, salige seun is. Jy ontwikkel 'n diep liefde vir hierdie kind, en jou hart keur hom voor; sou jy hierdie salige kind vermoor en dan sê die ander kinders kan voortgaan soos hulle wil, hulle kan verkrag en moor en sal in elk geval vergewe word omdat die salige seun gesterf het? Maak dit enigsins sin?

Daarbenewens, wat is die punt van Heilige Wette soos om die armes te voed en om sondes soos moord en verkragting te verbied, as 'n mens die Paradys sal binnegaan ongeag of hy die Wet vervul of nie?

Stel jou voor jy maak 'n skool oop en jy is die Hoof. Jy besoek die Graad Een Klaskamer en lig elke student formeel in datal wat hulle moet onthou vir die eksamen is dat een plus een gelyk is aan twee, en so sal hulle kwalifiseer om te vorder tot Graad 2. As een van hierdie student dan die antwoord gee as drie, kan hierdie kind gevorder word na Graad Twee toe?

Gevolglik, sou dit sin maak om standaarde, prosedures ens. te het as jy die Paradys sou behaal ongeag jy die Wet ondermyn of onderhou?

Díe is 'n fondamentele verskil tussen Muslims en Christene, aangesien Muslims glo dat die Hel en die vuur daarvan werklik bestaan, en dat Muslims ook in die Hel kan beland as hulle nie Islaam se Wette onderhou nie.

LET WEL: Statistieke bewys dat mense wat glo dat hulle die Paradys sal ontvang sonder die moontlikheid dat hulle die vuur van die Hel sal proe, 'n groter kans staan om sondes soos moord en verkragting te pleeg aangesien hulle in elk geval die Paradys sal bereik.

### 3.2. TWEEDE PILAAR: Aanbidding

Formele aanbidding is 'n verpligte voorwaarde van Muslimwees. Muslims aanbid Allah (God) gesamentlik, vyf maal per dag. Die eerste aanbiddingstyd is voor sonop, die tweedeis na die middelpunt van die dag, die derde in die namiddag, die vierde na sonsondergang en die vyfde wanneer donkertegesak het.

### 3.3. DERDE PILAAR: Verpligte Aalmoese (Zakaat)

Terwyl gewillige aalmoese aangemoedig word in Islaam, handel Zakaat met verpligte aalmoese wat Muslims elke jaar moet gee: 2,5% van die geld, juwele en handelseiendom wat 'n mens besit moet as Zakaat gegee word.

Muslims word vrygetel van Zakaat as hulle bogenoemde eiendom onder 'n sekere minimum is. Zakaat moet noodwendig gegee word aan arm Muslims wat min of niks besit nie.

Die doel van Zakaat is om Allah (God) se plesier na te jaag, en omdie lewensomstandighede van die mens in nood te verbeter.Studies toon dat as elke mens Zakaat gegee het, niemand arm sou wees nie.

### 3.4. VIERDE PILAAR: Vas (Soum)

Byna almal weet wat dit beteken on te vas. Vir die hele Islamiese maand van Ramadhaan is dit verpligtend vir Muslims om te vas. Van dagbreek (ongeveer 90 minute voor sonsonsopkoms) tot sonsondergang mag NIKS ingeneem word nie, nie eers 'n druppel water nie.

## 3.5. VYFDE PILAAR: Pelgrimstog (Hadj/Hajj)

Die heiligste lande van Islaam is die stede Makkah en Madinah in Saudi Arabië.

Die Ka'bah is in Makkah. Muslims trek saam rondom die Ka'bah en maak tawaaf daarom (stap sewe rondtes rondom die Ka'bah) met die einddoel voor oë om Allah (God) se plesier te bekom. Madinah is ongeveer 500km Noord van Makkah, en is besonders omdat die Masjid (Moskee - aanbiddingsplek) van die Profeet Muhammad (Vrede oor hom) daar is. Die Masjid huisves ook die graf van die Profeet Muhammad (Vrede oor hom).

Daar is vyf dae elke jaar in die maand Dhul Hijjah van die Islamiese almanak, waarin Muslims wat dit kan bekostig, optrek na Makkah om die verpligtinge van Hajj te vervul op die heilige grond.

## 4. HOEKOM WAS ONS GESKAPPE: DIE GESKIEDENIS VAN ONS BESTAAN

Muslims glo dat Allah (God), nadat die Aarde geskape was, die Engele ingelig het dat Allah (God) die mensdom sou skep om die Aarde te bewoon as ‘n toets vir hulle. Hulle wat Allah (God) se opdrag gehoorsaam sal die Paradys binnegaan vir ewig, en die ongehoorsames sal die Hel binnegaan.

Die Engele was besorg oor die skepping van die mens en het gesê dat die mens Allah (God) se opdragte nie sou vervul nie en dat hulle nie geskappe moet word nie. Allah (God) het toe aan die Engele verduidelik dat Allah (God) well bewus was oor die eienskappe van die mensdom – iets waaroor die engele onbewus was.

Allah (God) het aan die Engele verduidelik dat die mens hoër as die Engele is omrede hulle uit vrye wil goed en kwaad kon doen. Allah (God) het die Profeet Adam (Vrede oor hom) - die eerste mens - geskappe uit kleigrond, terwyl die Engele van lig gemaak was, en die djinn van vuur. Daarna hat Allah (God), om die hoë agting van die mens te bewerkstellig aan die Engele opdrag gegee om neer te buigvoor Adam (Vrede oor hom) nadat sy liggaam volledig gevorm was. Hierdie het in die Hemele gebeur.

LET WEL: DJINNS IS 'n SKEPPING VAN VUUR GEMAAK. SOOS DIE MENS - IS SOMMIGE GOED EN SOMMIGE BOOS. SATAN IS OOK 'n DJINN. IN ISLAAM WORD HY NA VERWYS AS IBLIES SOWEL AS SHAITAAN.

Die Engele was gehoorsaam en het neergebuig voor Adam (Vrede oor hom), maar Iblies het geweier, uit hoogmoed en het gesê dat hy n beter skepping is as die mens (Adam

(Vrede oor Hom)), in teenstand met die mens wat uit nederige kleigrond gemaak was.

Daarom, het hy geredeneer, is dit onpaslik om neer te buig tot iets wat gevorm was uit iets minderwaardig. As gevolg daarvan het Allah (God) Iblies uitgewerp uit die Hemele. Maar voorhy uitgewerp was, het hy Allah (God) belowe om die minderwaardigheid van die mens te bewys deur hom te mislei to die einde van die wêreld.

Aadam (Vrede oor hom) was eensaam in die Paradys, so Allah (God) het vir hom 'n maat geskep, Hawwa (Vrede oor haar), om sy vrou te wees in die Paradys. Later het Allah (God) hulle op die Aarde geplaas, waar die mens sal bly tot die Oordeelsdag. Aadam (Vrede oor hom) was wette en beginsels gegee om volgens te leef, en waarvolgens sy nasate ook moes leef.

Die doel van ons bestaan is uiters eenvoudig - en dit is om Allah (God) te aanbid. Die wêreld is 'n toets en dit is baie tydelik. In diekort rukkie wat ons hier is, moet ons Allah (God) aanbid en Sy skepping (mens en dier) met medelye en respek behandel. Daarmeesaam moet ons geloof korrek wees, volgens die bogenoemde uitleg oor geloof.

## 5. GROOT SONDES IN ISLAAM

I. Om vennote aan Allah (God) toe te skryf.

II. Nalatigheid in die vyf maal daglikse aanbidding.

III. Moord.

IV. Om Zakaat na te laat sonder 'n geldige rede.

V. Om nie te vas in Ramadhaan nie tensy jy 'n geldige rede het.

VI. Betrokkenheid in toordery/ kulkuns.

VII. Om nie die pelgrimstog te onderneem eenkeer in jou lewe nie, terwyl jy dit kan bekostig.

VIII. Voorhuwelikse omgang.

IX. Egbreuk.

X. Om rente te neem of betaal.

XI. Om gesinsbande te breek.

XII. Om alkohol of dwelms in te neem in enige hoeveelheid.

XIII. Om vark of gevalle vleis te eet.

XIV. Om ouers te disrespekteer.

XV. Om 'n onregverdige leier te wees.

XVI. Wreedheid.

XVII. Oneerlikheid.

XVIII. Om musiek te maak of luister.

XIX. Skindery.

XX. Diefstal.

## 6. <u>JOU GELOOF IN ISLAAM</u>

Terwyl jy dit dalk nie gespreek of self oorweeg het nie; as jy nie in Islaam glo nie, sê jy effektief dat Muhammad (Vrede oor hom) 'n leuenaar is - dat hy nie 'n Profeet is nie en dat hy self die Koran geskryf het, en dat dit nie deur Allah (God) geopenbaar was aan Hom (Vrede oor Hom) nie.

'n Mens kan nie Muslim wees sonder om te glo dat die Koran die Woord van Allah (God) is nie, aangesien die Koran verklaar dat geen geloof buiten Islaam die regte pad is nie.

## 7. TEëBEWYSE VAN JOU GELOOF

Ten einde hierdie boekie beknop te hou, sal daar nie 'n deeglike weerlegging van elke godsdiens/ateïstiese oortuiging plaasvind nie.

In Johannesburg, Suid-Afrika, is die meeste nie-Muslims met wie ons daaglikse ommegang het, Christene. Daarom sal ons 'n kort maar omeenvattende teëbewys van die Christen geloof lewer.

Indien die leser agnosties of 'n ateïs is, kan ons op ons epos (op die voorblad) gekontak word aangaande ons boek "Disproving Atheism in 10 Minutes".

**LET WEL:**

ISLAAM ONTMOEDIG HAAT EN DISRESPEK. ALLE TEëBEWYSE VAN ANDER GELOWE IS BEDOEL VIR LEIDING EERDER AS DISRESPEK.

### i. TEëBEWYSE VAN CHRISTENDOM:

Christendom kan oor die algemeen opgedeel word in twee oortuigings:

7.1. Diegene wat in die Drie-eenheid glo

- Die meerderheid Christene glo in 'n gekompliseerde begrip van 'n drie-eenheid (God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees).

- Wanneer hulle gevra word, kon so te sê geen Christen met wie ek gepraat het verduidelik hoe die drie-eenheid veronderstel is om te werk of sin maak

daarvan nie.

❖ Die hoofbewerings is:

1. Jesus is goddelik.
2. Die vader, die seun, en die heilige gees is gelykwaardig en ewigdurend.

❖ Ons sal op elke eis apart reageer, hieronder:

JESUS IS GODDDELIK

❖ Volgens die leer van die drie-eenheid is Jesus goddelik. Jesus, die Vader en die Heilige Gees vorm elk 1/3 van die natuur van God. As dit die geval is, dan:

- Toe Jesus sy dissipels opdrag gee om te bid, en daarna self gebid het deur op die grond neer te buig **[Matteus 26:39]**, na wie het hy toe neergebuig? Na homself?

- Verder word die voorval van die kruisiging in die **Boek van Matteus (27:46)** aangeteken as Jesus (vrede sy op hom) uitroep: "Eli, Eli, lema sabachthani" vertaal as "My God, my God, waarom het U my verlaat?". Eerstens, as Jesus = God is, na wie roep Hy uit? Tweedens, as Hy werklik God i s, roep Hy uit dat Hy Homself verlaat het?

- As Jesus (vrede sy op hom) 1/3 van God is, het God dan geslaap? geëet / die toilet gebruik? Kan dit dan God wees?

- Christene glo dat Jesus (vrede sy op hom) gekruisig is. Is 1/3 van God toe in daardie oomblik doodgemaak?

- As Maria Jesus (vrede sy met hom) gebaar het, het 'n vrou dan nie 'n kind van God op aarde gebaar nie?

❖ Volgens die leerstelling van die drie-eenheid is Jesus 1/3 van die

saamstelling van God. Daarom is hy goddelik. As dit die geval is, sal Jesus beslis allesweet wees, reg?

In die boek van **[Markus 11, 12-14]** word 'n voorval vertel waarin Jesus, terwyl hy honger is na Betanië stap en 'n vyeboom in die afstand sien. Hy loop na dit toe om sy honger te bevredig. Maar wanneer hy dit nader, vind hy dat die boom buite seisoen was en daar was geen vye nie. Hy vervloek dus, volgens die boek van Markus, die boom.

Daar ontstaan 'n vraag: As Jesus alwetend was (soos hy beweer = God), hoe weet hy nie die werklike werklikheid van die boom (wat geen vrugte dra nie), tot na 'n nader ondersoek?

- As die grootheid van Jesus (vrede sy met hom) afkomstig is van die feit dat hy sonder 'n vader gebore is, hoekom aanbid Christene dan nie Adam nie, wat beide geen moeder en vader gehad het nie?

## GELYKE & EWIGE

- Daar is twee benaderings om 'n Christen te wys op die vals idee van 3 gode, wat gelyk en ewigdurend is. Ons sal hierdie aparte benaderings hieronder noem:

## BENADERING 1: DIE LOGIESE BEWYSE

- Sondae, in die kerk word gereeld gesê dat die Vader, Seun en Heilige Gees gelyk is en gesamentlikvan ewigheid tot ewigheid is, aangesien dit sentraal tot hulle geloof is.

- As die vader, die seun (Jesus), en die heilige gees werklik gelykwaardig en ewigdurend is, ontstaan daar 'n vraag,

As dit wel so is, mag dit met rede gevra word of die een die andere se goedkeuring benodig vir enigebesluit soos byvoorbeeld of 'n aardbewing moet gebeur of nie. Hou hulle 'n

konferensie voor elke besluit?

- **<u>AS TOESTEMMING NODIG IS</u>**, sal dit beteken dat die Vader (wie veronderstel is om Onafhanklik te wees) eintlik van die Seun en Heilige Gees afhanklik is. Dus sou Hy onafhanklik afhanklik wees. Dit maak duidelik geen sin nie, en is onmoontlik

- Sou Allah (God) enige soort God kon wees as Hy die goedkeuring van andere benodig het? Die hele konsep van Allah (God) is dat Allah Almagtig is en totale beheer het oor alles, en geeneen se goedkeuring benodig nie.

- As die Vader Jesus (Vrede oor hom) se goedkeuring benodig, het Jesus (Vrede oor hom) dan vooraf goedkeuring gegee vir die sogenaamde kruisiging?

- <u>Andersins, **AS TOESTEMMING NIE NODIG IS NIE**</u>: Dan verwerp hulle die kernbeginsel van hul leer, dat elke lid wat deel uitmaak van die drie-eenheid GELYKE en EWIGE is.

- Stel jou voor dat drie vennote 'n besigheid het, en hulle het gelyke aandeel en invloed daarin. Kan een 'n voertuig van die besigheid verkoop sonder die goedkeuring van die ander vennote? Ongetwyfeld nie, omdat hulle gelyk is.

- Op soortgelyke wyse, as reën byvoorbeeld uit die hemel sou val, moet die Vader, volgens 'n GELYKE beginsel, toestemming van die Seun hê vir die reën om te val, voordat dit val, anders sal hulle nie GELYK wees nie. Maar

as dit werklik die geval is, maak dit dan die vader onafhanklik? Wat 'n eienskap van God moet wees.

- Die bogenoemde weerlegging kan ook teen Hindoeïsme gebruik word, aangesien die idee van poligodendom (meer as een god) dieselfde logiese misvatting dra, of dit nou deur 3 gode (soos in die bogenoemde geval) of 300 gode (wat die getal ook al mag wees soos deur Hindoes beweer) is.

**BENADERING 2: DIE ANDER BENADERING: DIE AFWESIGHEID VAN DIE GELYKHEIDS- EN MEDE-EWIGHEIDSLERING IN DIE BYBEL**

Soos hierbo genoem, om 'n Christen te wees, moet 'n mens vas glo dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees, GELYKE en EWIGE is. As jy nie hierin glo nie, is jy 'n ketter, afwykende, nie-Christen.

- Daarom behoort dit kommerwekkend te wees dat in die hele Bybel daar nie **een enkele vers** is wat in soveel woorde sê dat hulle al drie (Vader, Seun en Heilige Gees) GELYKE EN EWIG IS nie.

- Die Heilige Woord van God sal tog sekerlik die mees fondamentele oortuiging van die ware geloof in soveel woorde weergee?

- Let op die verskil tussen hierdie en Islaam en die Koran. Die lering van Islaam is TOUHIED (die Alleenheid van Allah (God)) en nie drie gode/persone soos Christendom weergee nie. Die groot verskil is, die oortuiging van Islaam is duidelik weergegee in die Koran, in hoofstuk 112 getiteld "Die hoofstuk van

opregtheid", waarin Allah (God) sê:

1. Sê: Allah (God) is Een.
2. Allah (God) is Onafhanklik.
3. Hy het geen nasate nie, en Hy is niemand se kind nie.
4. En geeneen kan met Hom vergelyk word nie.

❖ Dus is Islaam se vereiste oortuigings uitdruklik genoem, wat noodwendig die geval sal wees met die ware Woord van God. Dit moet duidelik wees en nie mense nog meer deurmekaar laat nie, anders sou dit die punt mis hoekom dit in die eerste plek geopenbaar was.

❖ Om die onsekerheid en onduidelikheid in Christendom verder te toonbeeld, en te veramptelik, hier is 'n kort samevatting van die geskiedenis van Christendom.

❖ Ongeveer 300 jaar na die sogenaamde kruisiging van Jesus (Vrede oor hom) het 'n man by die naam van Konstantien die Keiser van Konstantinopel (nou Istanbul, Turkye) geword, en met die doel voor oë om ondersteuning te win het hy ooglopend Christen geword. Sy plan het gewerk en sy koninkryk het vinnig wyd versprei omdat Christene hom onmiddellik as leier aanvaar het. Nieteenstaande was dit nie lank voor moeilikheid op hande was nie.

❖ Een van die vroeë kerkvaders, *Arius*, het die siening behou dat die Vader hoër was as die Seun, Jesus (Vrede oor hom), en dat hulle NIE gelyk was nie.

*Athanasius*, ook een van die vroeë kerkvaders, het die teenoorgestelde siening gehad, die oortuiging van GELYKHEID van Vader en Seun.

- Dus het Konstantien byeenkoms gehou in die jaar 325 N.C, om die groeiende verdeeldheid tussen die twee groepe tot 'n einde te bring aangesien dit sy hele koninkryk in twee kon skeur. Die byeenkoms is welbekend as die beraadslaging van Nicea.

- By hierdie byeenkoms was al die biskoppe van oral in die koninkryk gevra om te stem vir of teen die oortuiging van GELYKHEID en MEDE-EWIGHEID, omdat hulle geen enkele bewys gehad het om dit met feite te ondersteun nie.

- Daarby gesê, om dit 'n "stem" te noem was ietwat van 'n grap, omdat vir enige biskop wat daarteen sou stem, ballingskap sy voorland was en dus het hulle ten gunste van hierdie ongegronde siening "gestem".Die daad was ook by die woord gevoeg en Arius, die hoofteëstander van die gelykheids-oortuiging, was in ballingskap weggevoer nadat hy geweier het om sy geloof te verander.

- Dus is die sentrale oortuiging van die Christen geloof - die drie-enigheid - nie net afwesig in die Ou Testament nie, maar ook nie in die Nuwe Testament nie**! Sou Allah (God) regtig verwag dat ons moet glo in iets wat nie duidelik gestel was nie?**

**7.2 Diegene wat glo dat Jesus (Vrede sy op hom) nie God was nie, maar eerder 'n Profeet (die Laaste Profeet). EN, diegene wat glo dat die Vader groter is as die Seun (die laaste Profeet) en dus, nie glo in die profeetskap van Muhammad (Vrede sy op hom) nie.**

Dit sou eintlik beteken dat hulle nie werklik 'Christen' is nie, maar in elk geval, die teenargument hiervan sou dan in die bewys van die Koran wees. Enige persoon wat hierdie geloof volg, sal die egtheid van die Koran moet kan weerspreek of in staat wees om 'n verskoning/redes vir enige wonder van die Koran te vind.

# 8. BEWYS VAN DIE KORAN

Die bewys van die Koran kan hoofsaaklik in twee dinge lê. Een, waar die las op die ander party is om die Koran te verkeerd te bewys. En twee, waar die las op die Muslim is om die Koran te bewys. Ongeag watter benadering aangeneem word, sal die bewysstukke van die Koran belig word, aangesien Muslims nie sulke bewyslas moet vermy nie.

'n Welbekende manier om die Koran te bevestig maak gebruik van vier faktore.

## 8.1 *Reproduksie-uitdaging*

Die Koran self daag die mensdom uit. Die Koran daag die hele wêreld uit om EEN hoofstuk, of selfs 'n deel daarvan,te produseer wat kan kers vashou by die Koran **[Hoofstuk 2: Vers 23].**.

Aangesien nie-Muslims glo dat die profeet Muhammad (vrede oor hom) net 'n leuenaar was wat die Koran uitgedink het, word hulle hiermee uitgedaag om ten minste een soera of selfs 'n deel daarvan soos in die Koran te lewer. Die Koran daag almal uit om hul bewering te bewys.

As jy glo die Koran is Allah (God) se Woord, dan is jy eintlik Muslim. Let wel dat jy nie kan sê dit is die Woord van Allah (God) is en nogtans sê dat jy nie Muslim is nie. Jy kan net so wel sê dat jy op jou vingers kan tel 1+1=2, en dan sê 2-1=3.

8.2 *Behoud*

## KORAN

Tot op datum is die Koran die enigste geopenbaarde Skrif wat algeheel onveranderd is. Hierdie is 'n onbestrede, geskiedkundige feit. Die Koran bly behoue in skrif, sowel as in die hart van die mens. Kinders so jonk as vier of vyf jaar oud het die hele Koran gememoriseer van voor tot agter. Dus is daar geen geleentheid om dit te verander nie.

## TORAH

Vergelyk hiermee die Torah wat aan Moses (Vrede oor hom) geopenbaar was, dit is algeheel verlore, en die bewys hiervan is dat daar in die tyd van Jesus (Vrede oor hom) VIER verskillende weergawes van die Torah was.

Verder word die Torah (Ou Testament) geprys dat dit in die koninkryk van Juda, in die 'Huis van die Here', bewaar is. Histories is die huis van die Here twee keer vernietig. Een keer deur die Egiptiese koning, en die tweede keer deur die koning van Israel. Daar was daarna geen teken van die Torah nie. Dit is bevestig dat dit vernietig is. Maar, interessant genoeg (wantrouwig), 18 (AGTIEN!) jaar nadat koning Josia aan die troon gekom het, het die hoëpriester Hilkiah beweer dat hy op een of ander manier die Torah gevind het na 18 jaar, in dieselfde gebou waar geen ander toeskouer dit kon raakloop nie **[II Konings Hoofstuk 22 en Kronieke Hoofstuk 34]**. Dit is logies onmoontlik. Trouens, was dit Hilkiah self wat die dokument vervals het en beweer het dat hy dit gevind het!

## BYBEL

**Die Bybel van Jesus** is aan die ander kant, onbetwisbaar nie teenwoordig in moderne tye nie. Die taal wat destyds gepraat is, was Aramees. Daar is vandag geen spoor daarvan nie.

Inteendeel, is daar die Nuwe Testament wat bestaan uit boeke geskryf deur mense soos Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Hierdie "Boeke" was nie van God nie, maar geskryf deur genoemde individue (Matteus, Markus, Lukas en Johannes), wat vermoedelik die dissipels van Jesus was. Die argument ter ondersteuning van hoekom dit as die moderne Bybel aanvaar word, is die teorie dat toe hulle hierdie boeke geskryf het, hulle (dws, Matteus, Markus, Lukas en Johannes) gehelp is deur die Heilige Gees, en dus, maak hulle boeke goddelik.

**LET WEL: MATTEUS, MARKUS, LUKAS EN JOHANNES, AAN WIE DIE BOEKE TOEGESKRYFWORD, WAS NIE DISSIPELS VAN JESUS (VREDE OOR HOM) NIE!**

**HULLE WAS NAVORSERS MET DIESELFDE NAME AS HULLE! CHRISTEN HOOGGELEERDES HET GEEN BEWYSE OM ENIGIETS ANDERS VOOR TE STEL NIE.**

### *8.3 Teëstrydings*

Tot op datum het geen mens geëis dat die Koran teenstrydig is nie. Ten spyte daarvan dat ons leef in 'n era van kitsinligting danksy die internet, het GEEN mens ooit die Koran teenstrydig teen ditself gevind nie. In baie boeke se voorwoord vra die skrywer om verskoning vir enige foute wat hy in die boek mag gemaak het. In teëstand hiermee, begin die Koran deur te sê dat daar GEEN foute in dit is nie.

Jy sal nooit in een plek vind dat 1+1=2 is terwyl dit elders sê 1+1=3 nie.

Aan die ander kant, as ons na die boeke in die Bybel kyk, is daar manifeste foute in die verhaal van sekere voorvalle.

Die Christelike weergawe van Jesus se vermeende kruisiging het Judas as die antagonis van die verhaal. Die persoon wat verantwoordelik was vir die bekendmaking van Jesus se identiteit, wat uiteindelik gelei het tot die vermeende kruisiging. Van belang vir hierdie sub-onderwerp, is die teenstrydige weergawes van Judas se daaropvolgende lot.

**Die Boek van Matteus [27: 3-8]** sê dat Judas spyt gehad het na die veronderstelde kruisiging, en daarom het hy die omkoopgeld wat hy ontvang het vir die bekendmaking van Jesus se ligging weggegooi en daarna selfmoord gepleeg het.

In die **boek van Handelinge** sê dit dat hy 'n stuk land met die geld gekoop het, en daar het hy gegly en geval, en het daar gesterf deurdat sy ingewande uitgeval het.

Dit is 'n duidelike teenstrydigheid, en 'n groot verskil in die weergaves wat gegee is. **As die skrywers van die boeke deur die Heilige Gees gehelp is, kan 'n lid van die drie-**

**eenheid 'n fout maak in die verskaffing van verskillende weergaves van Judas se finale lot aan die twee bogenoemde skrywers?**

Kan 'n boek as goddelik aanvaar word wat so duidelike teenstrydighede het?

## 8.4 Wonderwerke

### 8.4.1 Medies

Die Koran stipuleer duidelik die stadiums van menslike embriologie; dit stipuleer elke stadium van menslike bevrugting, en verduidelik dan verder die embrio **[Hoofstuk 23: Verse 12-14].**

Slegs in die laat 1800's was mediese kundiges, deur tegnologie, in staat om te bepaal wat die Quran byna 1250 jaar voor dit verduidelik het.

Hoe kan dit beweer word dat 'n man (Muhammad vrede sy met hom), beskuldig kan word om sulke inligting te skryf, terwyl hy in 'n woestyn woon sonder enige toegang tot inligting?

### 8.4.2. Voorspellings

Gedurende 'n tydperk waarin die Persiese Ryk die supermoondheid was, het die Koran voorspel dat die Romeine die Persiërs binne 9 jaar sou verslaan. **[Hoofstuk 30: Verse 2-4]**.

Dit is 'n wonderwerk, wat as dit nie so sou gebeur het nie, onmiddellik die Koran sou weerlê. Ons kan intussen aanvaar

wat volgende gebeur het: Die Romeine het die Perse oorwin.

Hierdie is 'n wonderwerk wat, as jy dit met erns oorweeg, waarlik besonders is. Dit is maklik om 'n wilde kans te vat en vir 'n vreemdeling in die straat te vertel dat hy eendag ryk sal wees. Aangesien die tyd nie vasgestel is nie, is dit baie moontlik dat dit wel sal waar word.

Aan die ander kant, as jy aan iemand langs die straat moet sê dat hy binne 'n voorgeskrewe tydperk, byvoorbeeld 9 jaar, skat ryk sal wees, is daar 'n groot mate van druk bygevoeg, aangesien die mislukking om ryk te word die aktiewe voorspelling weerlê, en die eis van die boek dat dit goddelik is, in die proses nietig gemaak word.

Dit is noemenswaardig dat die Romeine destyds so swak was toe die narratief gemaak is, dit sou wees soos om te voorspel dat 'n baba binnekort in staat sal wees om 'n ervare vegter te verslaan.

Verder, die geskiedenisboeke bied aan dat na 8 jaar, het dit selfs dan onmoontlik gelyk vir die Romeine om suksesvol te wees in die verslaan van die Perse. Kort daarna, in ooreenstemming met die voorspelling van die Koran, naamlik oorwinning binne 9 jaar, was die Romeine suksesvol.

### 8.4.3. Wetenskap

Die Koran verwys na 'n spinnerak as "*die lamlendigste tuiste*". **[Hoofstuk 29: Verse 41]**

Nadat die wyfie en manlike spinnekoppe par, as die man nie vinnig ontsnap nie, eet die wyfie die man. Gewoonlik word 'n huis gebou vir beskerming, terwyl dit met spinnekoppe gebou word om diegene wat binnentoe kom, te vernietig. Dit is 'n wonderwerk van die Koran.

Die Koran stel verder dat die volwasse spinnekop verantwoordelik is vir die maak van die huis. Wetenskap bevestig nou dat dit inderdaad die volwasse spinnekop is wat sterker is van die twee. **[Hoofstuk 29: Vers 41].**

Die Koran is vol wonderwerke, te veel om in 'n kort boekie te noem. Maar hierbo is net 'n paar van die baie wonderwerke vir enige leser om oor na te dink.

Oorweeg dit, Kan enig iemand moontlik beweer dat n man, wie histories nie kon lees of skryf, meer as 1446 jaar gelede in staat daarvan was om so n glorieryke boek al op sy eie kon skryf?

Jy, as 'n leser, het bewussyn ontvang. In plaas daarvan om dit te gebruik om te weerlê - mediteer en te reflekteer.

Die Profeet (Vrede oor hom) was bespot omdat hy beide sy seuns aan die dood afgestaan het toe hulle nog in doeke was. Die nie-Muslims het gesê hy is soos 'n dier sonder stert, met ander woorde sy naam sal verlore gaan deur sy tekort aan seuns.

Verse van die Koran was toe geopenbaar wat sê dat die gene wie die Profeet (Vrede op Hom) verspot het gou vergeet sou word en dat die naam van die Profeet (Vrede oor Hom) verewig en altyd onthou sou word.

Vandag is dit 'n feit dat die mees algemene naam in die wêreld "Muhammad" is.

'n Man wat bespot en beledig was, wat deur mense uitgelag was, het later die mees beinvloedende man geword wat ooit geleef het.

Kon hierdie man 'n leuenaar wees?

Kon die Boek wat aan hom geopenbaar was, deur hom geskryf was?

## 9. AFLEIDING

Gelowe in die lig van ander gelowe is 'n onderwerp wat met moeite tot woorde verminder word. Daarom het ons ons beste probeer om net 'n vlugtige opsomming in te sluit van dit wat ons voel die belangrikste is.

Ons hoop opreg dat ons dit met respek uitgerig het, sonder arrogansie daarin. Die doel van die lewe is nie om rykdom te versamel nie, maar om die Waarheid te vind en volg. Mag ons almal na daardie weg gelei word. Aamien.

Vir hulle wat inspirasie gevind het in hierdie boekie en Islaam wil aanneem, ons raai jou aan om na jou naaste masjied (moskee, Muslim aanbiddingsplek) te gaan en met die plaaslike imaam (leier) van daardie masjied te praat. Om Islaam aan te neem is kort en eenvoudig, maar jy kan iets heeltemal verkeerd doen so dit is belangrik om 'n ondervinde imaam se leiding te soek.

Ons is oortuig dat amper elke leser van ten minste een masjied in sy omgewing weet, of ten minste een Muslim wat jou kan wys waar dit is.

As jy nie so 'n plek of so iemand ken nie, ons epos is op die voorblad vir verdere advies.

Vir hulle wat lees suiwer vir akademiese doeleindes, ons moedig jou aan om te lees vanaf 'n ander uitgangspunt. Lees met 'n soekende gedagte, eerder as om net nog inligting in jou kop te prop.

Wie hier lees suiwer om Islaam te bespot en uit te lag vir oortuigings wat nie logies klink vir jou verstand nie, sê ons: mag ALLAH (GOD) u lei.

En ten einde laaste, vir beide "nuwe" en "ou" Muslims wat hier lees, mag Allah (God) ons op die Reguit Pad hou, en mag Hy ons 'n middle van leiding maak. Aamien.

**If you have any questions related to Islam, please do not hesitate to contact us via:**

**<u>WhatsApp:</u> +27 61 625 6070 (SOUTH AFRICA)**

**<u>EMAIL:</u> theabuzaydinstitute@gmail.com**

**What is Islam? (English Translation)**

3rd Edition (Revised)
APRIL 2025

The Abu Zayd Institute

Proof read by: The Majlisul Ulama of South Africa

Translated by: Isa bin Marius & Qiyaam Kanes

Cover page artwork: Y Areff

**Contact details**
Cell No: +27 616256070 (South Africa)
Email: theabuzaydinstitute@gmail.com
Website: www.abuzayd.org.za